LAURIKA

Sy streel, sorg en sing ...

LAURIKA RAUCH, die *grande dame* van die ligte Afrikaanse musiek en die Afrikaanse kabaret, se agste album, *Die gang*, is pas uitgereik. Dit toon groei in haar kunstenaarskap en gee weer 'n hupstoot aan Afrikaanse musiek, waarvoor 'n mens al lank nie meer skaam is nie – in elk geval nie in die vorm wat Laurika Rauch dit bedryf nie. BARRIE HOUGH het met haar gesels.

SIEN jy Laurika Rauch so op haar werf tussen haar gunstelinggoed, besef jy waarom haar stem jou so ontroer. Die groot bos geel blomme op tafel sê vir jou sy's 'n kleur- en geurmens. Die manier waarop sy aan bekende voorwerpe om haar raak, die kat vryf of oor die tafelblad streel, vertel vir jou sy's 'n vatmens.

Snuiter, die ou-ou hond met die melkerige oë en die grys snoet en knoppe aan haar lyf, die een wat by Laurika se voete lê, en miskien al té oud geword het, lewer getuienis van 'n sorgmens wie se hart te klein is om die ou hond op haar laatse reis na die veearts te neem.

En sorg, sorg Laurika – vir haar man, kinders, diere en haar tuin. "Ek het kannas geplant," sê sy opgewonde en wys my waar sy hulle geplant het. "Ek kan nie wag tot hulle opkom nie." Sy sorg ook vir haar gaste. Tussen ons op die tafel staan souttertjies en warm appeltert met die effense geur van kaneel.

Vir haar bewonderaars sorg sy ook – diegene wat haar albums koop en haar konserte bywoon. Sy hou 'n oog op haar publiek en loop daardie tou tussen kunssinnigheid en gewildheid wat kunstenaars soms laat struikel.

"Ek probeer altyd bewus bly van die behoefte van my publiek," sê Laurika. "Oor die jare, meen ek, het ek nader aan hulle beweeg. As jy aanhou groei na jou gehoor toe, en jy groei, dan groei hulle saam met jou. Op dié manier kan jy soms waag en hulle aan jou kant hê."

Met die uitsondering van *Jy is te dierbaar*, 'n album waarmee Laurika die spoor byster geraak het en 'n smaakblaps gehad het, toon haar loopbaan as kunstenaar 'n sterk stygende lyn wat deur gehalte gekenmerk word.

Laurika se huwelik met prof. Christopher Torr – die skepper van onder meer haar gewilde *Mannetjies Roux*-treffer – is van deurslaggewende waarde in hierdie kunstenaar se later loopbaan.

Met die liedjie *Blouberg se strand*, wat Chris vir Laurika geskryf het, was dit duidelik dat hier 'n ding aan die kom was. Met die verklaring van Mannetjies Roux tot ikoon het Chris gesorg vir Laurika se gewildste liedjie sedert haar weergawe van Koos du Plessis se *Kinders van die wind*.

Hierdie ideale huwelik, ook van liedjieskrywer en sanger, bereik nuwe hoogtes in *Die Gang*, waarop Laurika twee van Chris se liedjies – die titellied en *Stille waters* sing. *Die gang*, met 'n wysie soortgelyk aan dié van *Mannetjies Roux*, kom uit dieselfde sfeer as sy voorganger en is as 't ware teenstuk vir hierdie meesterstukkie wat vinnig volksbesit geword het.

Oor Chris sê Laurika: "Wanneer hy werk aan 'n nuwe liedjie, hou hy sy kaarte dig. Hy speel op sy kitaar en tokkel op die klavier, werk op 'n bandopnemer en in sy kop. Ek beny hom dat hy so in sy kop kan werk. Ek kan nie. Ek sien eers die liedjie wanneer hy heeltemal klaar is. Dan is daar hoogstens klein voorstelle van my kant af.

Liedjies van bekendes op *Die gang* is Nataniël se *Sy's al wat ons het*, Koos Kombuis se *Liza se klavier* en Lucas Maree se *Die tyd stap aan*. 'n Buiteperd wat die musiek betref, maar van wie Laurika op *Die gang* 'n liedjie ingesluit het, is *Agenda* se hartebreker Freek Robinson. Die liedjie se naam is *Kon jy raai* en sy gehalte spreek uit die feit dat hy op Laurika se jongste album is.

"Ek hou van oorspronklike werk," vertel Laurika. "En die Afrikaanse liedjie lê my baie na aan die hart." Sy vertel dat Nataniël se groen-liedjie *Sy's al wat ons het* vir haar 'n groot uitdaging was.

"Nataniël se intervalle is baie groot. Ek dink Diana Ross sal sy musiek goed kan sing. Sy liedjies verg 'n besondere stem-elastisiteit en musikaliteit. Dis nie maklik om te sing nie – en wat plate betref, is hierdie liedjie 'n sprong vir my."

Laurika vertel dat *Liza se klavier* vir haar die naaste is aan hoe sy klink vir haarself. "Dis 'n liedjie wat vir my spesiaal is en wat ek graag op die verhoog ook sing."

Laurika is nie net sangeres nie. Onlangs het sy met haar debuut-regiestuk, *Neem kennis*, haarself bewys as 'n vindingryke regisseur. Sangers soos Illse Roos, Danie Niehaus en Helena Hettema het groot hoogtes bereik in dié debuut van Laurika. Op Donderdag 12 November open Coenie de Villiers se *FM Blues* met Laurika as regisseur. Dit is 'n eenmankabaret waarin die kunstenaarskap van De Villiers as kabaretskrywer en uitvoerende kunstenaar belig word.

Voel Laurika nie dat jonger talent soos Illse Roos haar bedreig nie?

"Inteendeel, ek voel dat die talent, energie en toewyding van die jong kunstenaars met wie ek werk, my voed. Hulle gee vir my krag en soms idees wat ek dan weer in my eie verhoogkuns kan gebruik. Die rede waarom ek met sulke talentvolle jongmense werk, is dus eintlik selfsugtig."

Toe ons op pad na my motor is, sê Laurika: "Kyk na die mooi skaduwee's onder daardie boom – so *dappled*."

Ek begin vir haar 'n gedig van Gerard Manley Hopkins aanhaal:

Glory be to God for dappled things,
For skies of couple-colour as a brindled cow . . .

Sy lag van pure lekkerte en gee vir my 'n sakkie tertjies vir "padkos".

As sy oor twee maande daar staan en waai, is die kannas bloedrooi om haar. ■

DIE stemme agter die stem . . . Freek Robinson, beter bekend as *Agenda*-aanbieder, is een van die liriekskrywers op Laurika Rauch se nuwe plaat. Hy het die mooi *Kon jy raai* geskryf. Regs is Laurika se man, Chris Torr, wat die titellied van *Die gang* geskryf het.

Die Gang

In die donker gang is 'n lig wat skyn
Maar die vlam is delikaat en fyn
En ek het verlang na die lentetyd
Op my oom se plaas sonder elektrisiteit
My tannie sê my kind, my kind
Die liefde en die motte is blind
Vanmelee se dae in die lentetyd
Was daar wel, ja wel, 'n bietjie elektrisiteit

KOOR

Diep in die donker gang, het ek na iets verlang
Ek het die wind hoor sing,
Lente sal liefde bring
Ek het die dag hoor kwyn, dis
Net die son wat nou verdwyn
En soos die aarde draai, sal
'n Haan weer kraai
In die donker gang is 'n skildery
Van De Wet, Cronjé en De la Rey
En die perde se oë het moeg gelyk
Want die strewe na vrede is 'n eindelose stryd
Laat een aand word die nag soos dag
Soos die storm bars met al sy krag
En ek het in die gang weggekruip
Want ek was so bang vir die elektrisiteit

KOOR

In die donker gang word die vlam weerkaats
In die prente waar die skadu's dans
Maar die vlam is delikaat en fyn
En dit kan soos 'n dief in die donker nag verdwyn

KOOR

Dit is waar!

Jy kan vakansie hou in Israel
vir net die prys* van jou vliegkaartjie.

Is jy tussen 18-32 jaar en op soek na die avontuur van 'n leeftyd? Word dan tydelik 'n "kibbutznik".
Bied jou dienste aan vir werk op 'n kibboets.
Verblyf is gratis. Kos en werksklere ook. En jy kry selfs geld om in jou vrye tyd te bestee.
Jy is net eenmaal jonk!
Skakel ons nou om meer uit te vind oor hierdie unieke werksvakansie.
Skakel Peltours: JHB - Shelley/Colleen (011) 880-8241.
KST - Brenda/Tanya (021) 419-9960.
DBN - Liz (031) 306-2020.
*Onderworpe aan voorwaardes soos uiteengesit.

PELTOURS ELAL ISRAEL

Verseker jou van beste waarde
en beste diens ten alle tye.

Pamela Grayman EL/92/21